# Dienelkander

**Nuusbrief van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom-Oos**

**WhatsApp:** 067 713 2332 **Webblad:** www.oosdoppers.co.za
**Facebook:** www.facebook.com/oosdoppers **Erediens videobank:** http://ow.ly/ivfZ309vsdc
**Intydse erediensuitsendings op YouTube by:** Oos-Doppers Potch

## 4 September 2022

**09:30 OGGENDEREDIENS: Ds Piet Venter**

FOKUSTYD: Volg Christus oor grense heen na verlore mense.

**Week 2: Watter grense moet ons deurbreek en hoe moet ons dit doen?**

Ons gaan hierdie week se 5 gespreksriglyne gebruik om te fokus op sekere grense/hindernisse wat ons verhinder om Christus te volg. Vanuit die Woord wil ons leer hoe om hierdie grense oor te steek sodat ons Christus kan volg en aan Hom gehoorsaam kan wees. Dat ons met verlore mense kan praat.

**Voor ons egter na eksterne grense kyk en hoe ons dit gaan oorsteek, moet ons eers die interne grense/hindernisse raaksien en oorsteek.**
**Ons moet vra: wie leef regtig in my hart? Wie is in beheer van my lewe? Wie volg ek regtig?**

Volg ek Christus of volg ek myself? Staan ek in Christus se diens of staan Hy in my diens? Voor ek nie hierdie vrae kan beantwoord nie, sal ek nêrens heen gaan nie! Voor ons nie regtig verstaan wat dit beteken om Christus te volg nie, sal ons nie die grense kan oorsteek nie.

Jesus het hierdie beginsel baie duidelik gestel aan almal wat Hom wou volg! Sy dissipels en almal wat na Hom geluister het moes duidelik verstaan wat dit beteken om agter Jesus aan te loop.

Stel jouself vir ‘n oomblik in jou gedagte voor Jesus asof Hy jou in die oë kyk en vir jou sê: “As iemand agter My aan wil kom, moet hy homself verloën, elke dag sy kruis opneem en My volg.” Wat dink jy beteken dit vir jou?

**Tema: Christus is die ware lewe, gee jouself en jou hele lewe oor aan Hom! Dit is die eerste grens waaroor jy moet stap!**

**Lofsang ter voorbereiding van die erediens**
Ps. 84 - 1: 1, 2; Ps. 100 - 1: 1, 2, 3, 4;

**God en ons ontmoet mekaar**
Intreelied: Sb 1 - 6: 1, 3; Votum; Seën; Loflied Ps. 113 - 1: 1, 2, 3; Geloofsbelydenis: Gemeente Sing Sb 12 - 2: 1; Liturg lees verse 2 - 4 en gemeente sing vers 5;

**Ons verootmoedig ons voor God**
Wet: Fokus op Tiende Gebod; HK Sondag 44; Sing Sb. 9 - 2: 8, 9; Gebed;

**God bedien aan ons sy Woord en ons ontvang dit aktief in geloof**
Skriflesing: Lukas 9: 23 - 27;
Teksverse: Lukas 9: 23 – 24;
Sing Sb. 3 - 5: 3, 4, 5, 6 (Kleuters gaan na hulle bediening); Woordverkondiging

**Ons antwoord op die Woordbediening**
Gebed; Sing Sb. 14 - 4: 1, 2, 3, 4; Seën; Amenlied: Sb 13-1.

## GROEPBEDIENING

Soos gereël in groepe.

**September 2022**

**- Ons gemeente bid saam -**

Rom. 8:26-27 "Die Gees staan ons ook in ons swakheid by: ons weet nie wat en hoe ons behoort te bid nie, maar die Gees self pleit vir ons met versugtinge wat nie met woorde gesê word nie. En God, wat die harte deurgrond, weet wat die bedoeling van die Gees is, want Hy pleit, volgens die wil van God, vir die gelowiges.

Dankie Hemelse Vader vir U gemeente en dat ek as gelowige deel mag wees van hierdie geloofsfamilie! Dankie vir my broers en susters in die geloof!

Dankie Hemelse Vader vir suiwere Woordbediening. Ons as gemeente leer en groei so saam!

Versterk ons geestelike leiers: di. Piet, Pieter en Daan. Mag U Gees hul insig gee om met die gemeente te spreek. Bewaar hul van die aanslae van die bose.

Ons bid vir die ouderlinge, diakens, kleingroepleiers, groepsusters asook ons gemeente se personeel! Dankie vir elkeen wat sy gawes aanwend tot voordeel van die gemeentelede.

Dankie vir ons fokustyd wat ons nou saam op fokus! Dankie dat ons verseker is van U Gees wat in ons woon en help dat ons U sal vertrou vir gesprekke wat U vir ons beplan. Laat ons gehoorsaam wees!

Dankie vir ons kinders! Dankie vir die huisgeloof wat aangebied is en mag dit vrug dra in ons kinders en families se lewens! Ons bid vir elke ouer wat hul kinders verder sal leer en ook 'n voorbeeld sal stel.

Dankie vir die kinderfees wat mag plaasvind! Ons as gemeente wil U loof en dank vir mense en middele sodat die kinderfees kan plaasvind.

Ons bid vir die uitvoering van die kinderfees, mag elkeen betrokke geestelik groei en stuur die kinders wat U wil hê teenwoordig moet wees!

Ons bid alles volgens U wil en in die Naam van Jesus Christus, ons Here!

## MEELEWING

- Roelie van der Walt se operasie het goed afgeloop en hy sterk tuis aan. Ongelukkig is hulle seun Henk - wat in Australië woon - weer met kanker gediagnoseer en ons bid vir sy behandeling daar.
- Harmen Wijnberg is ontslaan en sterk tuis aan.
- Elsa Coetzee het Donderdag 'n rugoperasie ondergaan.
- Jaco van Rooyen het Woensdag 'n rugoperasie in Pretoria ondergaan.
- Hannelie Pieters het 'n laparoskopiese knie-operasie ondergaan.

**Ons bid al hierdie lidmate troos en beterskap toe in hierdie beproewings.**

## ONS VRA VOORBIDDING VIR DIE VOLGENDE LIDMATE WAT SUKKEL MET SIEKTE OF SWAK GESONDHEID

Estette Bredenkamp, Annette Coetsee, Kitty Kruger, Annatjie Duvenage, Bettie Niemand, Corrie du Plessis en Annetjie Vermeulen.

## BAIE GELUK

Michiel en Marian de Kock het 'n kleindogter ryker geword. Sy is hul 8ste kleinkind.

## BEDIENINGE VAN HIERDIE WEEK

**Vandag**
09:00 Gebedsgroep
09:30 Oggenderediens
Tee, koffie en kuier
Kleuterbediening
Katkisasie Les17
Groepbediening

**Maandag**
17:00 Diakonie: Dagbestuur
18:00 Kersmark
18:00 Katkisasie gr 11 - Kinderfeesopleiding

**Dinsdag**
06:00 Manne Ondersteuningsgroep
09:30 "Griefshare" ds Piet
17:00 Eiendommediensgroep
17:15 Katkisasie gr 8
18:00 Kinderfees ete-beplanning

**Woensdag**
10:00 Amandelbloeisels
17:15 Katkisasie Gr 9
18:00 Katkisasie Gr 10

**Donderdag**
17:15 "Griefshare"- Carina
18:00 Ouderlinge: Blokvergadering

**Volgende Sondag**
19:00 Ouderlinge vergadering

## AFKONDIGINGS

- Beide liefdegawes vandag vir ons eie Diakonie (Groot boks - Zapper betaal-metode beskikbaar) en (Klein boks) vir Expando (Expando is 'n kerkgroei-inisiatief wat deur die Sinode opgerig is om gemeentes tot groei te stimuleer en doen baie goeie opleidingswerk)
- Gawes volgende Sondag by die deure vir ons eie Diakonie.
- Vrywillige bydrae vir voertuigsekuriteit kan in die bussies gegooi word.
- Diensbeurte: Groep 20 en 21.

## DIAKONIE VRA HULP MET VERVOER OP SONDAE

Ons lidmate wat in Amelia Nasorgsentrum woon, kan nou weer eredienste in hulle tuisgemeentes bywoon. In die verlede het lidmate gehelp om die 2 of 3 van ons lidmate daar op te laai vir bywoning van die oggenddienste. Amelia is geleë in Richardsonstraat 5, Baillie Park.

Indien lidmate kan help met hierdie vervoer sal die Diakonie dit baie waardeer. As twee of drie lidmate op ge-ordende wyse beurte maak, is dit regtig nie baie opoffering om hulle te gaan oplaai nie. Indien u kan help met hierdie liefdesdiens, kontak asb vir Riaan vd Walt by 082 784 9215 of praat met ds Piet.

## VERJAARSDAE

Baie geluk aan almal wat DV hierdie week verjaar!

**Sondag, 4 September**
Sr Chrisda du Plooy
Sr Ria v Eeden

**Maandag, 5 September**
Jsr Mianke Erasmus
Sr Lallie v Zyl *
Sr Roma Visser

**Dinsdag, 6 September**
Br Gerhard Turkstra

**Woensdag, 7 September**
Sr Isabel Bouwer

**Vrydag, 9 September**
Jsr Carla Alberts
Sr Tobianna Willemse *

**Saterdag, 10 September**
Br Gerrie Badenhorst
Sr Driekie Coetzee *
Br Johan Fourie
Jbr Liam Fourie
Br Pieter Joubert

* Lidmate met spesiale verjaarsdae – 75 jaar en ouer

## KERSSANGDIENS 2022

AANDAG: Alle sangers!

As jy nog altyd deel wou wees van 'n koor, is dit nou jou kans. Ons hoor graag wie sou belangstel om deel te wees van 'n sanggroep wat tydens die Kerssangdiens op 20 November 'n paar liedere gaan sing. Laat weet gerus vir Kobus Venter by 072 375 0052.

## AMANDELBLOEISELS

Kom geniet 'n heerlike Lente-uitstappie saam met die Amandelbloeisels! Oral in die natuur rondom ons, word ons nou weer bewus van die wonderlike belofte van nuwe lewe en groei – maak dit jou ook opgewonde? Kom ons geniet hierdie genadetyd saam met mekaar en bederf onsself met 'n heerlike saamkuier om 'n lekker koppie tee of koffie en iets te ete by 'n teetuin (ontbyt, koek, net wat jy wil hê!). Omdat die rekening hierdie keer vir jouself is, kan jy kies net wat jou hart begeer uit dit wat daar aangebied word!

Hierdie ontspannende saamkuier is beplan vir Woensdag 7 September om 09:30 vir 10:00 by **Jukebox** by die Koeltetuin in Paryslaan. Daar is verskeie interessanthede waarna julle ook kan gaan kyk soos die kwekery se pragtige lenteplante, *de Rooie deur* se uitstalling en ook die matte-uitstalling wat aangebied word. Ons hoop almal sal graag wil kom saamkuier!

Skryf asseblief jou naam op die lys in die voorportaal van die Skuur indien jy belangstel om die uitstappie by te woon, (die opskryf van jou naam is nie bindend nie, enigiets mag dalk voorval, maar dit help met ons getalle-beplanning). Tot volgende week dan!

## HUIS HEBRON: SKENKINGS

Inwoners van Huis Hebron het 'n behoefte aan toiletware vir dames. Groep 30 is besig om vir hulle 'n insameling te hou. Ons moedig lidmate aan om toiletware hiervoor by te dra. Gee gerus jou skenking af by Anna Smith of die kerkkantoor.

## GKSA-NUUS

**Beroep bedank**
Ds GP (Gerhard) van Rhyn van GK Komatipoort na GK Wolmaransstad.

**Aansoek art. 12, Dr A.L.A. (Wikus) Buys**
Klassis Pretoria-Moot gee hiermee kennis aan die kerkverband dat Dr Wikus Buys aansoek gedoen het om ingevolge KO, art. 12 na 'n ander staat van die lewe oor te gaan. Die Klassis Pretoria-Moot het, in die lig van KO, art. 12, met die advies van Streeksinode Pretoria se Deputate art. 49, saam met die Kerkraad van GK Innesdal, die aansoek van Dr Buys deeglik ondersoek en goedgekeur. Ons is die Here dankbaar vir al die gawes en krag waarmee Hy Dr Wikus toegerus het gedurende sy dienstyd. Dr Buys het die volgende gemeentes bedien: GK Piet Retief (1993-2001), GK Pietersburg-Noord (2001-2010), GK Innesdal (2011-2022). Ons bid hom en sr. Karin die seën van die Here toe op hulle lewenspad.
Namens klassis Pretoria-Moot, Ds. Jonker Venter (Dept. Korrespondensie)

**Oorlede:**
Prof V E (Victor) d'Assonville, is op 25 Augustus 2022 in die ouderdom van 95 jaar en een week oorlede. Prof d'Assonville was die predikant van GK Pietermaritzburg 1954-1961, GK Johannesburg-Sentraal 1961-1965, GK Pretoria-Sunnyside 1965-1970, GK Potchefstroom-Noord 1970-1971, GK Cachet 1971-1974, GK Noordbrug 1974-1978 en as professor TSP 1978-1992

## KENNISGEWINGBORD

- Huishulp beskikbaar: Ek kan getuig dat sy eerlik is en 'n kind van die Here. Baie hardwerkend en betroubaar. Engela vd Walt (082 556 7806)
- Groenwilgers Aftree-oord: Woonstel te huur - onmiddellik beskikbaar. Skakel Pieter Bredenkamp (082 879 7507).

## ALGEMENE INLIGTING

### LIEFDEGAWES VIR BARMHARTIGHEID (DIAKONIE)

Hierdie QR-simboolkode is gekoppel aan die Diakonie se rekening en slegs bydraes vir Barmhartigheid kan daarmee gemaak word - geen ander betalings aan die Diakonie of kerkraad nie.

## KONTAKBESONDERHEDE

Ds. Piet: 018 290 5635 / 082 779 1237
Hulpdiens: Ds. Pieter vd Walt – 082 851 3637
Kerkkantoor: Adele – 018 290 7690 /
082 532 8658
kerkkantoor@oosdoppers.co.za
Koster: Dawie v Zyl – 082 774 7936

## BANKBESONDERHEDE

Geref. Kerk Potchefstroom-Oos
ABSA Tjekrek: 670 340 066
Takkode: 335 138

Diakonie
ABSA Tjekrek: 670 280 160
Takkode: 335 138
Susters
Capitec Spaarrek: 145 652 5695
Takkode: 470 010



# SUSTERS

PS. 119:105 " U WOORD IS DIE LAMP WAT MY DIE WEG WYS, DIE LIG OP MY PAD."

## SUSTERS: ELEKTRONIESE INBETALINGS

Liewe suster, om dit vir jou makliker te maak kan jy gerus hierdie QR-simboolkode vir elektroniese inbetalings aan die Susters gebruik. Dui asb net vir ons aan waarvoor jy bydra: Jaarlikse sustersbydrae / Blikkies-warmharte / Kansa / Donasies.

## TEESKINK-GELEENTHEID



Koffie, tee en koeldrank vandag in die Skuur na die oggenddiens. Baie dankie aan groepsusters en hul groepe wat vandag hiermee help:


Naomi Pretorius en groep 3, Erika Rood en groep 11, Marna Naudé en groep 19, asook Anelle Venter en groep 29.

## BLIKKIES-WARMHARTE



Die doel van die blikkies (wat jy in die voorportaal van die kerk kan kry) is dat almal hulle lastige kleingeld in 'n blikkie sal gooi en die vol blikkie dan in die voorportaal van die kerk sal neersit. Die geld word dan gebruik om blomme of iets toepaslik aan te koop vir iemand wat deur beproewing gaan.

**Baie dankie vir julle getroue bydraes!**



## SUSTERSBYDRAE

Die susters se fondse word uit elke suster se vrywillige bydrae (R150 per jaar) verkry, asook uit die fondse wat tydens fondsinsamelingsgeleenthede geïn word. Hierdie geld word gebruik om na minderbevoorregtes uit te reik en daar word jaarliks aan verskillende verdienstelike instansies, donasies gegee.

Dankie vir die susters wat op gereelde basis 'n bydrae vir hierdie werk gee.

## KANSA-PROJEK

Liewe suster, soos jy reeds weet ondersteun ons gemeente jaarliks vir KANSA. Indien jy, familie of vriende tot hierdie projek wil bydra kan jy gerus jou donasie aan die kerk oorbetaal met verwysing "KANSA".

## DANKIE

- Baie dankie Hestie en die susters van Blok A vir ‘n heerlike kuier-aand!
- Op n verjaarsdag wat so moeilik was, bring Em en Pierre Volschenk 'n skinkbord vol eetgoedjies namens die Susters vir ons.
  Baie dankie Susters, ek het dit so baie waardeer. Die woord “Susters” het sommer nuwe betekenis gekry…
  Fransien vd Walt

## NAGMAALETE

Liewe Oosdoppers
Die susters van Blok C nooi u almal vriendelik uit na die Nagmaalete op Sondag 18 September om 12:00. Die spyskaart verskyn volgende week. Dit is weer ‘n gawe geleentheid om saam met medelidmate te kuier.

**Skryf asb solank u naam op die lys in die voorportaal indien jy saam kom eet!**

## KWARTAALPROGRAM

| DATUM | DAG | TYD | WIE | WAT |
|---|---|---|---|---|
| **Jul-Aug** | **-** | **-** | **Almal** | **Kansaprojek** |
| 11 Sept | Sondag | 19:00 | Blok D | Ouderlingverversings |
| 18 Sept | Sondag | 12:00 | Blok C | Nagmaalete |
| 3-7 Okt | Ma – Vry | 11:00 | Almal | Kinderfees |

## BAIE DANKIE AAN ONS BORG VAN DIE WEEK!



“A baby is as pure as an angel and as fresh as a blooming flower” – D Mridha

**Pienkvoet 4D Sonars**

BELEEF JOU ONGEBORE BABA
IN 4 DIMENSIES

Maak ‘n afspraak tussen
28 en 32 weke
Whatsapp of sms
071 423 4270

Wat ‘n voorreg om, saam met ouers, na een van God se grootste wonderwerke te kan kyk, terwyl hul nog totaal beskermd in hul eie wonderwêreld verkeer.
– Monica





# Ware vreugde kom van God af!

**LUKAS 2:10-11 (2020-VERTALING)**
"Toe sê die engel vir hulle: 'Moenie bang wees nie. Kyk, ek bring vir julle 'n goeie boodskap wat vir die hele volk 'n bron van groot vreugde sal wees: Vandag is daar vir julle in die stad van Dawid as Verlosser gebore, Christus die Here.'"

**Jesus Christus is gebore! Ons kan elke dag hierdie blydskap in ons harte ervaar.**

## Vind jou glimlag

